kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Brandende harte

Skriflesing: Lukas 24:13-35

Broodjies vir die pad

"Extinguish my eyes, I'll go on seeing you.
Seal my ears, I'll go on hearing you.
And without feet I can make my way to you,
without a mouth I can swear your name.
Break off my arms, I'll take hold of you
with my heart as with a hand.
Stop my heart, and my brain will start to beat.
And if you consume my brain with fire,
I'll feel you burn in every drop of my blood."
— Rainer Maria Rilke

Tool sal nou-nou kom . . .

Johann Maarman

"Tool sal nou-nou kom, maar ek kry jou langs die grootpad . . ."

Dit was die woorde van 'n besorgde Liezel Wessels omdat sy nie wou hê ek moes verdwaal op pad na hul plaas Kapteinsdrif naby Bonnievale nie.

Dit is op haar en haar man, Tool, se plaas waar ek die Donderdagmiddag van 30 November 2017 sou afsaal om die laaste verstellings te doen aan my toespraak wat ek die aand sou lewer by die Hoërskool Bonnievale. Dié hoërskool se skoolkoerant, /Voorwaarts/, is toe vir die derde agtereenvolgende jaar aangewys as die beste skoolkoerant in die land.

Toe sy ons langs die grootpad sien staan, het die bruingebrande boervrou uit haar wit ryding gewip en my en my vrou kom groet. My oorlede ma – wat in (wit) mense se kombuis gewerk het om die pot aan die kook te hou – het altyd gesê jy sal weet wanneer mense jou groet of dit 'n aanstellerigheid is. Liezel se groet was nie plastiek of kosmeties nie. Dit was eg en warm. Hartlik.

Ons het Kapteinsdrif toe gery. Ek moes byhou, want Liezel kon 'n duisend duiwels uit 'n bakkie ry.

Ons het by 'n effe stowwerige pad afgedraai, deur 'n dippie gery en toe voor die groen grasperk tot stilstand gekom. Liezel het my na 'n ruim aangrensende huis gewys wat gemeubileerd was. Daar was vrugte op die tafel. Piesangs, perskes en pruime.

Die heeltyd het Liezel gebabbel. Gewys waar ek kon rus. Waar die yskas is met kaas, wyn en sap.

Tool sal nou-nou kom, hoor ek haar weer sê.

Ek het die dubbelskuifdeur oopgemaak en op 'n stoel buite gaan sit en oor die praglanderye gekyk. Dit was in die tyd toe die droogte op sy ergste in die Kaap was, maar hier op Tool en Elize se plaas het die wingerde bly bot.

En toe kom Tool. Hy kom hoor of ek orraait is. Hy praat oor uitdagings van boere. Op 'n kol sê ek vir Tool ek is net so bekommerd oor plaashekke wat agter boere toeklap omdat plaasaanvalle hulle letterlik wegjaag van hul grond, maar ek is ook bekommerd oor die plaasarbeiders wat ook dan daaronder ly.

Tool het gaan stort. 'n Kwartier later staan Tool in 'n kortmouhemp en kortbroek voor die deur.

Liezel bel of ons al op pad is na die skool. Sy en haar jongste dogter, Jana, is reeds by die skool.

Die aand praat ek dat ons almal uit die lewe se stowwerige strate moet beur en mik na die grootpad.

Met die groetslag is dit Elize en Tool wat my en my vrou by die kar kom afsien. Tool druk 'n groot boks kaalgatperskes in die kattebak.

Ons groet. Tool en Elize wuif.

Gistermiddag toe ek by die kantoor aankom en ek sien die foto van Tool en sy gesin, toe is ek verslae oor die sinnelose moord op hom en die wrede aanval op Elize.

En ek dink aan haar woorde: Tool sal nou-nou kom . . .

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/tool-sal-nou-nou-kom-20190514

"And a woman spoke, saying, "Tell us of Pain."
And he said: Your pain is the breaking of the shell that encloses your understanding.
Even as the stone of the fruit must break, that its heart may stand in the sun, so must you know pain.
And could you keep your heart in wonder at the daily miracles of your life, your pain would not seem less wondrous than your joy;
And you would accept the seasons of your heart, even as you have always accepted the seasons that pass over your fields.
And you would watch with serenity through the winters of your grief.
Much of your pain is self-chosen.
It is the bitter potion by which the physician within you heals your sick self.
Therefore trust the physician, and drink his remedy in silence and tranquillity:
For his hand, though heavy and hard, is guided by the tender hand of the Unseen,
And the cup he brings, though it burn your lips, has been fashioned of the clay which the
Potter has moistened with His own sacred tears."
— Kahlil Gibran, The Prophet

"The gospel is absurd and the life of Jesus is meaningless unless we believe that He lived, died, and rose again with but one purpose in mind: to make brand-new creation. Not to make people with better morals but to create a community of prophets and professional lovers, men and women who would surrender to the mystery of the fire of the Spirit that burns within, who would live in ever greater fidelity to the omnipresent Word of God, who would enter into the center of it all, the very heart and mystery of Christ, into the center of the flame that consumes, purifies, and sets everything aglow with peace, joy, boldness, and extravagant, furious love. This, my friend, is what it really means to be a Christian."
— Brennan Manning, The Furious Longing of God

Richard Francis Xavier Manning, known as Brennan Manning (April 27, 1934 – April 12, 2013) was an American author, friar, priest, contemplative and speaker.Born and raised in Depression-era New York City, Manning finished high school, enlisted in the US Marine Corps, and fought in the Korean War. After returning to the United States, he enrolled at Saint Francis University in Loretto, Pennsylvania. Upon his graduation from the seminary in 1963, Manning was ordained a Franciscan priest.

In the late 1960s, Manning joined the Little Brothers of Jesus of Charles de Foucauld, a religious institute committed to an uncloistered, contemplative life among the poor. Manning transported water via donkey, worked as a mason's assistant and a dishwasher in France, was imprisoned (by choice) in Switzerland, and spent six months in a remote cave somewhere in the Zaragoza desert. In the 1970s, Manning returned to the United States and began writing after confronting his alcoholism.

https://www.goodreads.com/author/show/27405.Brennan_Manning

Brood vir die pad

Het diskresie in ons dag 'n vergete deug geword?

Vroeër vanjaar verskyn die Vlaamse filosoof Peter Venmans se Discretie: Essay over een vergeten deugd, 'n boek wat heelwat stof tot nadenke bied. Hy wys daarop hoe die Latynse begrip "discretio" in die Christelike tradisie die betekenis van "onderskeidingsvermoë" aangeneem het.

Die woord kom dikwels in die geskrifte van kerkvaders soos Ambrosius en Augustinus, asook in die reëls vir kloostergemeenskappe voor. In die 6de-eeuse Reël van Sint Benediktus, byvoorbeeld, word discretio as 'n nodige eienskap vir die amp van kloosterhoof beskou. In spesifieke gevalle waar 'n reël of 'n wet nie uitsluitsel oor 'n saak kan gee nie, moet die ab met kalmte van gees 'n weloorwoë mening in belang van die gemeenskap kan gee.

Ook by die Middeleeuse teoloog Thomas Aquinas speel discretio 'n belangrike rol en val dit vir hom met die praktiese wysheid (prudentia) saam. Sodanige wysheid behels meer as blote kennis van die beginsels van reg en verkeerd. Dit vra vir die onderskeidingsvermoë om met oop oë in 'n konkrete situasie die regte beslissing te maak.

Venmans wys ook daarop dat, naas onderskeidingsvermoë, diskresie met verloop van tyd (volgens vanaf rondom die 16de eeu) toenemend die betekenis van terughoudendheid verkry het. Iemand is diskreet as hulle nie alles deel wat hulle weet nie, nie alles sê wat hulle dink nie, en nie alles doen wat hulle kan nie.

Deel van Venmans se argument is dat daar wins in is om hierdie twee kante van diskresie, naamlik onderskeidingsvermoë en terughoudendheid, te kombineer. Dit herinner ons dat praktiese wysheid nie net behels om te kan onderskei wat om op 'n spesifieke oomblik te doen nie, maar ook om te weet wat om nie te doen nie.

Soos wat sy boektitel aandui, vra Venmans of diskresie nie in ons dag 'n vergete deug geraak het nie. Dit is inderdaad 'n legitieme vraag, en ons sou kon dink aan hoe diskresie afwesig is in baie van die opmerkings en polemieke op sosiale media, asook in baie van ons ander verhoudinge en gesprekke. Dikwels ontbreek die beleefdheid, takt en empatie wat met diskresie geassosieer kan word.

Vir Venmans moet diskresie egter nie met afsydigheid, belangeloosheid en passiwiteit verwar word nie; dit is ten diepste 'n uitdrukking van 'n liefde vir ander en ons wêreld.

Juis ómdat ons lief het, sou ons in die lig hiervan kon sê, lê ons diskresie aan die dag. Daarom dink ons voor ons praat, huiwer ons voor ons handel, en respekteer ons die weerloosheid en misterie van die ander. – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/het-diskresie-in-ons-dag-n-vergete-deug-geword-20190510

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877